

## OM TE JUDAÏSEER

Die Augustus 2010 uitgawe van Joy Magazine bevat 'n artikel van Dr Peter Hammond van Frontline Mission met die titel: *The Return of the Judaizers*. In hierdie artikel word daar kritiek gelewer, asook gewaarsku, teen Christene wat Judaïseer. Peter Hammond beskryf hierdie Christene as 'n beweging "*which is hostile to the Christian calendar and vehemently insisiting that to be a true Christian you have to adopt the Jewish culture and calendar*".

Vir die ingeligde leser van Joy Magazine is hierdie artikel 'n bewys van die onkunde aangaande die genade van YHVH en die doel van Sy wet vir die wedergebore en Geesvervulde gelowiges van die nuwe testament. Hierdie artikel is geskryf met die geloofsoortuiging dat Christene onder die genade is en daarom vry van die wet van YHVH is. Derhalwe, en volgens Peter Hammond, is Christene wat aan YHVH se wet gehoorsaam is, besig om te Judaïseer. Hierdie Christene waarna verwys word, is bekend as Messiane en is deel van die Messiaanse herlewing (ontwaking).

Die doel van my skrywe is nie om al die stellings wat deur Dr Hammond gemaak word te weerlê of te debateer nie, maar wel om perspektief te gee op die betekenis van Judaïseer.

Die werkwoord *Judaïseer* is afgelei van Judaïsme. Kortliks gestel beteken Judaïseer dus om Judaïsme te beoefen. Die vraag is dus: Wat is Judaïsme?

'n Eenvoudige definisie van Judaïsme is *die geloof (godsdiens) van die Jode*, en volgens Joodse tradisie kan die oorsprong daarvan teruggevoer word na Abraham. Tradisionele Judaïsme moet egter onderskei word van Rabbyne Judaïsme (*Rabbinical Judiasm*) wat afkomstig is van Fariseïese Judaïsme (*Pharisaic Judaism*) wat gedurende die tyd van Yeshua en die apostels aan die orde van die dag was. Hiervolgens is dit duidelik dat Judaïsme verskillende betekenisse kan hê en gevolglik het die term *om te Judaïseer* ook verskillende betekenisse.

In Skriftuurlike verband beteken Judaïseer egter om 'n Jood (Joods) te word soos ondermeer volgens Ester 8:16 en 17 duidelik is:

*Vir die Jode was daar lig en vrolikheid en vreugde en eer; en in al die provinsies en in al die stede waar die bevel van die koning en sy wet ook al aangekom het, was daar vrolikheid en vreugde by die Jode, maaltyd en feesdag; en baie uit die volke van die land **het Jode geword**, want die skrik vir die Jode het op hulle geval.*

Die Hebreeus vir *het Jode geword* (*became Jews*) is *yahad* (Strong's H 3054) en beteken om die Joodse geloof aan te neem en derhalwe te Judaïseer. Sulke nie-Jode staan ook bekend as proseliete.

Om te Judaïseer word ook in die nuwe testament in Gal. 2:14 genoem, waar Paulus soos volg skryf:

*Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene **om soos Jode te lewe?***

Die Grieks vir *om soos Jode te lewe* is *Ioudaizo* (Strong's G2450) en beteken om 'n Judees (*Judaeen*) te word, naamlik te Judaïseer deur die Joodse geloof en leefwyse aan te neem.

Met bogenoemde in gedagte kan die vraag nou gevra word: Is Messiane (Christene) wat glo dat die wet van YHWH, naamlik die Torah wat al Sy onderrig en instruksies is, nie opgehef is nie, besig om te Judaïseer? Die antwoord is 'n besliste NEE, want sulke Messiane (Christene) het nie die Joodse geloof aangeneem nie en hulle probeer ook nie om Jode te wees nie!!! Die feit dat hulle ondermeer die Shabbat gedenk, die feestye van YHWH vier, en sekere "Joodse" gebruike volg, maak nie van hulle Jode nie. Hierdie dinge is bloot 'n erkenning van die Hebreeuse wortels van ons geloof – iets waaraan alle Christene deel het, maar dit nie besef of verstaan nie.

Die feit dat Christene wat steeds glo dat die woorde van Yeshua in Matt. 5:17 presies beteken wat dit sê, naamlik dat Hy nie gekom het om die wet tot niet te maak nie (te ontbind nie), maar om dit te vervul (te bevestig en nuut te maak), is nie besig om te Judaïseer nie. Nee, hulle is besig om terug te keer na hul Hebreeuse wortels van hulle geloof. Om hierdie stelling, asook die woorde van Yeshua in Matt. 5:17 beter te verstaan, moet daar duidelikheid wees oor wat was die "geloof" van Israel van die ou testament soos deur YHWH aan die mens openbaar was. Op dié punt is dit noodsaaklik om onderskeid te tref tussen "Judaïsme" van die Torah soos aan Moses openbaar is, en in die eerste vyf boeke van die Skrifte opgeteken is, en die latere Fariseïese Judaïsme in die tyd van Yeshua en die apostels wat die voorloper van die huidige Rabbynse Judaïsme was.

Die terugkeer na die Hebreeuse wortels van die Christengeloof is om die "Judaïsme" (Israelgeloof) van Torah as die grondslag van ons geloof in Yeshua as Messias te beskou. Ons Hebreeuse wortels is nie in Fariseïese of

die huidige Rabbyne Judaïsme te vinde nie, maar gaan terug na Moses en selfs terug na Abraham, Isak en Jakob.

Die vraag is dan: Wat is die patroon (afbeelding en heenwysing) wat YHVH in Torah gevestig het en wat vir ons vandag in Yeshua Messias vervul is? Die antwoord sal baie Christene verras, naamlik: Geloof en genade was deel van die ou testament (verbond)!! **Ja, want Israel is van die Egiptiese slawejuk bevry deur geloof!!** Hulle moes nie net glo in die God van Abraham, Isak en Jakob nie, maar ook in die bloed van die geslagte lam. Israel moes in geloof die lam slag en die bloed aan die deurkossy van hulle huis smeer. Die geslagte lam en die bloed van die lam was hulle redding (verlossing). Israel het niks gedoen om hierdie genade-guns van YHVH te verdien nie. Nee, hulle moes net glo in die voorsiening van YHVH.

As gelowiges in die God van Abraham, Isak en Jakob, en vry van die slawejuk deur die genadevoorsiening van YHVH, het Israel by die berg Sinai aangekom. Hier het Israel die wet (die Torah) ontvang wat YHVH se onderrig en instruksies was van hoe om voortaan as bevrydes te lewe. Elke Israeliet, asook die heidene wat by hulle aangesluit het, was reeds deur geloof gered toe hulle by Sinai aangekom het. Kan jy sien dat gehoorsaamheid aan Torah (die wet) niks met hulle redding te doen gehad het nie? Geloof en die genade van YHVH was hulle redding (verlossing)!!

Die doel van die Torah was om voortaan in die regte verhouding met YHVH as geregverdigdes (bevry van die slawejuk) te lewe en deur gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies Sy seëninge deelagtig te wees. Torah is nie aan Israel gegee vir hulle redding nie, maar vir hulle seëninge. Gehoorsaamheid aan Torah was hulle waarborg tot hulle daaglikse welsyn.

Hierdie patroon is reeds in die dae van Abraham gevestig. Abraham is op grond van geloof geregverdig verklaar:

*Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in YHVH geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. Gen. 15:5 en 6.*

Die belofte van die seëninge het Abraham egter deur gehoorsaamheid ontvang.

*En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee, en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word; omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my geboorte, my insettinge en my wette onderhou het. Gen. 26:4 en 5*

Sien jy die patroon, die bloudruk, wat YHVH gevestig het? **Eers geloof dan gehoorsaamheid!!** Sien jy die heenwysing en die skadubeeld van die nuwe

(hernude) verbond? Verlossing is alleenlik deur geloof in die Lam van YHVH, naamlik Yeshua Messias. Die patroon (volgorde) is in die ou- en die hernude verbond dieselfde: Eers genade en geloof en dan gehoorsaamheid aan die wet. **In Torah is die wet nooit bo genade gestel nie.** Alleenlik deur geloof word ons geregverdig verklaar en nie deur wetsonderhouding nie.

*Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God. Ef. 2:8*

*Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. 2 Kor. 5:21.*

*Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet. Rom 3:31*

Nou kan ons die woorde van Yeshua verstaan toe Hy gesê het:

*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Matt. 5:17*

Vir Messiane (Christene) om terug te keer na hulle Hebreuse wortels is om terug te keer na die patroon wat in Torah gevestig is, naamlik eers geloof in die genadevoorsiening van YHVH en dan gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Eers redding en dan heiligmaking!! **Hierdie patroon is nie om te Judaïseer nie.** Nee, dit is om YHVH se orde (plan) te volg.

### **Wat glo Jode?**

Dit wat Jode glo word as Judaïsme beskryf. Judaïsme het egter geen formele leerstellings nie, maar wel sekere beginsels waarop dit geskoei word. Volgens sommige bronne is daar 13 beginsels van geloof waaraan voldoen moet word om 'n ware Jood te wees. Hierdie 13 beginsels sluit ondermeer die volgende in:

- ❖ Die geskrewe Torah (die eertse vyf boeke van die Bybel) en die mondelinge Torah (Talmud en ander geskrifte) is deur YHVH aan Moses gegee.
- ❖ YHVH sal die mens vergoed volgens sy dade (werke). Goeie werke sal vergoed word en bose werke gestraf word.
- ❖ Die Messias sal kom.

Om te Judaïseer is dus om volgens die dertien beginsels van Judaïsme te lewe. Dit is om die Joodse geloof aan te neem. Uit 'n Joodse oogpunt gesien is Messiane (Christene) wat glo dat Yeshua as Messias reeds gekom het, en hulle geloofslawe volgens die geskrewe Torah rig, dus nie besig om te Judaïseer nie. Messiane aanvaar wel Torah as

steeds geldend, maar glo dat Yeshua die Messias reeds gekom het. Messiane aanvaar ook net Torah as YHVH se onderrig en instruksies en **lewe nie volgens Talmud nie**. Die verskil tussen Messiane en ortodokse Jode is dus baie duidelik.

### **Fariseïese Judaïsme**

Wat was die misleiding (dwaling) waarmee Yeshua en die apostels te doen gehad het. Hoekom het Yeshua so dikwels teenkating van die Fariseërs en Skrifgeleerdes oor die wet ondervind. Waarom het Paulus in sy briewe gewaarsku teen die vals leringe wat verwarring by gelowiges bring en laste op hulle vryheid in Yeshua wil lê? Was dit omrede die nuwe bekeerlinge geglo het dat YHVH se wet nie opgehef is nie, maar steeds van toepassing was? Nee, die probleem was Fariseïese Judaïsme wat die wet bo die genade verhef het. Hulle het YHVH se patroon wat in Torah gevestig was, verdraai deur te verkondig dat redding deur gehoorsaamheid aan Torah en veelvoudige mensgemaakte wette moontlik is. Fariseïese Judaïsme is wetsverering (*legalism*), naamlik dat redding deur die werke van die wet geskied. Dit is dus die verwerping van genade en die byvoeging van mensgemaakte wette by Torah.

Daarom lees ons ondermeer in Hand. 15:1 en 5 die volgende:

*En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie.*

*Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou.*

Hierdie geskil het dus gegaan oor die vereiste van redding en nie soseer oor die onderhouding van die wet nie. Die vraag was of wetsonderhouding noodsaaklik vir redding is. Op dié vraag het die "eerste kerkkonferensie" 'n besliste "Nee" geantwoord, hoewel sekere kernaspekte van gehoorsaamheid aan die wet aan die nie-Joodse gelowiges uit die heidendom uitgelig is (Hand. 15:19, 20 en 29). Let ook daarop dat nuwe bekeerlinge in die wet onderrig moet word deur op die sabbat na die sinagoge te gaan (Hand. 15:21). Volgens die gebeure wat in Handeling 15 vir ons beskryf word, word geloof tot redding en gehoorsaamheid dus ook apart van mekaar gesien.

Ons kan dus redeneer en sê dat diegene uit die heidendom wat geglo het in Yeshua as die Messias, maar hulle laat besny het, ge-Judaiseer het omrede hulle die leerstellings van Fariseïese Judaïsme aanvaar het.

## Die briewe van Paulus

Die briewe van Paulus aan die Galasiërs, die Romeine en die Kolossense spreek van soortgelyke probleme as wat in Handeling 15 bespreek word, naamlik wetsverering – die verheffing van die wet bo geloof en genade. Dit is daarom belangrik dat hierdie briewe van Paulus as eenheid saam gelees word, aangesien dit handel oor dieselfde onderliggende probleem.

Paulus skryf in sy brief aan die Galasiërs dat hy verstom is dat hulle so gou afvallig geword het weens mense wat hulle in die war bring deur die evangelie van Yeshua Messias te verdraai (Gal. 1:6 en 7). Deur hierdie brief in sy geheel te lees, tesame met die geskiedkundige agtergrond, is dit duidelik wat die probleem was. Na Paulus se suksesvolle sendingreis na Galasië het sekere Fariseërs onwaarhede aangaande Paulus, en dit wat hy geleer het, vertel. Hulle het beweer dat hy nie 'n ware apostel is nie en dat hy die boodskap van die evangelie meer aantreklik vir die nie-Jode probeer maak het deur doelbewus sekere wetlike vereistes van die evangelie te verwyder.

Dit is duidelik dat veral die besnydenis ter sprake was (Gal. 2:1 tot 5 – wat na Hand. 15 verwys). Soos ons reeds gesien het, het sommige Fariseërs verkondig dat die gelowiges in Messias hulle moet laat besny en die wet van Moses, **soos deur hulle gedefinieer was**, moet onderhou. Hulle wou dus hê dat die gelowige nie-Jode (*gentiles*) moet Judaiseer deur hulle te laat besny en die wet volgens hulle vereistes (naamlik deur wetsverering) moet hou. Volgens hierdie Fariseërs was dit die wyse om gered te word.

Die brief van Paulus aan die Kolossense is geskryf vanweë 'n dwaalleer wat ontstaan het en wat elemente van Gnostisisme en ekstreme wetsverering bevat het. Volgens Kol. 2:23 kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie dwaling van die Kolossense ondermeer bestaan het uit 'n mensgemaakte godsdienstige sisteem van selfopgelegde kastyding van die liggaam en valse nederigheid wat die skyn van wysheid gehad het.

Paulus se brief aan die Romeine lê egter klem op die feit dat redding slegs deur geloof is en nie deur die werke van die wet nie (Rom. 3:21, 23 en 28). Hy spel dit egter ook duidelik uit dat geloof nie die wet (die Torah) tot niet en as uitgedien verklaar het nie (Rom. 3:31). Paulus bevestig dus die patroon wat in Torah gevestig is, naamlik eers geloof en dan gehoorsaamheid.

Die briewe van Paulus aan die Galasiërs, die Romeine en die Kolossense bevestig dus dat hy gewaarsku het teen diegene wat nie die patroon van Torah volg nie, naamlik eers geloof tot redding en dan gehoorsaamheid aan die onderrig en instruksies van YHWH.

## Opsommend

Deur geloof word ons geregverdig verklaar en staan ons in die regte verhouding met YHVH ons Vader. Dit is alleenlik moontlik omrede YHVH deur Sy genade voorsiening gemaak het dat die onskuldige in die plek van die skuldige die loon van die sonde kan dra. Hierdie is die patroon wat in Torah gevestig is en wat in Yeshua Messias vervul is. Yeshua was die eenmalige offer wat vergifnis van sonde en versoening met YHVH bewerkstellig het. Hy was die onskuldige wat die in die plek van die skuldige gesterf het.

Na redding deur geloof lewer ons bewys van ons geloof deur gehoorsaamheid aan Torah wat die onderrig en instruksies is vir elkeen wat geregverdig verklaar is. Gehoorsaamheid aan Torah is die goeie werke wat ons geloof voortbring. Geloof sonder hierdie goeie werke is nuttelose (dooie) geloof (Jak. 2:14 tot 26). Ons gehoorsaamheid aan Torah is om dus in die voetspore van ons Messias te stap.

YHVH se genade word nog verder aan ons bewys deurdat Hy ons selfs seën al oortree ons Sy Torah weens ons swakhede. Hy beoordeel die gesindheid van ons harte en het medelye met ons swakhede. Wanneer ons Sy Torah aanvaar as Sy wil vir ons en verlang om in alles gehoorsaam te wees, sal Hy ons seën. Dit is genade op genade en om daaglik van geloof tot geloof te lewe (Rom. 1:17)

**Gehoorsaamheid aan die wet is nie om te Judaïseer nie, maar is om die patroon wat ons Vader in Sy Torah vir ons gedemonstreer het na te volg.** Eers geloof tot redding en dan gehoorsaamheid. Dit was van die begin af so en sal tot die einde so bly.

Volg die hedendaagse kerk hierdie patroon? Nee, hulle het afgewyk daarvan deur te verkondig dat slegs geloof nodig is en dat gehoorsaamheid aan Torah opgehef is!! Die kerk verkondig dat geloof in Yeshua hul vrywaar van die wet. Hierdie is nie YHVH se wil vir die mens nie. Nee, die volgorde (die patroon en bloudruk) is eers geloof wat gevolg word deur gehoorsaamheid.

Die kerk volg nie hierdie patroon nie!!! Die vraag is dus: Wie is skuldig? Die kerk of Messiane? Die antwoord behoort duidelik te wees!

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom  
Johan Kriel

**E-pos:** [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
**Webwerf:** <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

GBAug10